Nuusbrief vir 14 November 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Algemeen

14 November 2019

Ons wil net weer beklemtoon dat die kommunikasie tussen huis en skool van kardinale belang is. Ons wil vra dat u toesien dat u kontakbesonderhede, e-pos adres en woon- en posadres wat ons op ons databasis het, korrek is. Indien dit verander, moet u asseblief die skool bel en die korrekte inligting aan ons deurgee.
Ons wil verder vra dat u ons help om hierdie Communicator-program (D6) onder ons ouers, ook ons nuwe ouers van 2020, te 'bemark'. 'n Groot getal huisgesinne het nog nie toegang tot hierdie program nie. Die skakel / 'link' hiervoor is:
http://school-communicator.com/download.php
Indien u ouers teëkom of ken, wat nie 'n e-pos adres het nie, moet u ons asseblief help om hulle in te lig dat hulle self gereeld die skool moet kontak om 'n maandelikse staat en 'n nuusbrief af te haal.

Skoolfonds en koshuisbetalings

14 November 2019

Ons vestig u aandag daarop dat alle gelde wat aan die skool, busdiens of koshuis vir 2019 verskuldig is, teen 30 November 2019 vereffen moet wees. Al uitsonderings op die reël is enkele individue wat reeds skriftelike toestemming van die beheerliggaam het vir uitstel van hul betalings.
Indien u enige gelde vooruit wil betaal en solank 'n krediet vir 2020 wil opbou, is u welkom om dit te doen. Die geld word bloot in u kind se rekening gehou en u las word net ligter gemaak vir 2020.

Jaarblad 2019

14 November 2019

U of u kind kan van nou af 'n jaarblad van 2019 bestel en betaal. Dit beloop R100 per jaarblad, en dit kan by ons finanskantoor gedoen word.
Dis belangrik aangesien ons min of meer 'n idee wil vorm oor hoeveel om te laat druk. Die matrieks kry elkeen een gratis as hulle Januarie 2020 die skool besoek om hul uitslae te ontvang. Hulle hoef dus nie te bestel en betaal nie.

Leerders wat beplan om skool te verlaat

14 November 2019

Indien u sou besluit om u kind uit ons skool te haal, om welke rede ookal, moet u die kennisgewing op skrif aan die skool gee. Daar is dokumentasie wat uitgereik en geprosesseer moet word rondom 'n kind wat 'n skool verlaat, en die heel eerste stap is die kennisgewing van die ouer se kant af. Dit is die Onderwysdepartement se beleid wat ons moet volg. Dankie!

Voortrekkers prestasie

14 November 2019

FC Eygelaar, graad 10, is as Kommando Jeugleier vir 2020 aangewys. Baie geluk, FC, en baie sterkte met hierdie besondere uitdaging!

Klerebank tye

14 November 2019

Die klerebank sal vanaf Maandag 11 November op die volgende dae en tye oop wees:
Maandae, Woensdae, Vrydae: 09:00-14:00

Ekstra Wiskunde-klasse

14 November 2019

Daar is 'n geleentheid beskikbaar vir ekstra Wiskunde-klasse vir graad 8 - 12 deur 'n gekwalifiseerde onderwyseres. Vir meer inligting en kostes daaraan verbonde, skakel Elsie Oosthuizen by 082 378 6830.

Prysuitdeling foto's

14 November 2019

Die proewe van die foto's wat tydens die prysuitdeling geneem is, is by mev De Klerk in haar kantoor. Leerders en/of ouers kan dit kom besigtig en bestel. U skryf bloot die nommer van die foto, die kind se naam en graad voorop 'n koevert, en sit die korrekte bedrag geld in die koevert. U handig dit weer by mev De Klerk in. Kostes is as volg: Jumbo (±16cm x 11cm) - R15 elk, A5 vergrotings - R25 elk, A4 vergrotings - R40 elk. Die sluitingsdatum vir hierdie bestellings is 17 November 2019.

Matriekafskeidfoto's van 2019 beskikbaar

14 November 2019

Die matriekafskeidfoto's van 2019 is nou beskikbaar vir bestelling. Volg asb die volgende skakel / "link" :
https://hssmatriekfotos.pixieset.com/matricfarewell2019/

Korrels en Kaf skoolkoerant

14 November 2019

Die skakel ("link") wat u kan gebruik om die nuwe Korrels en Kaf skoolkoerant te kan besigtig, is:
https://korrelsenkaf.edublogs.org
U kan gerus gaan kyk - daar is pragtige artikels wat baie werk en moeite gekos het om dit te laat realiseer.

Skoolfonds vir 2020

14 November 2019

Op ons jaarlikse begrotingsvergadering met ons ouers wat op 7 Oktober plaasgevind het, is die volgende skoolfonds en resolusies bevestig en goedgekeur:
Skoolfonds van R17 900 per jaar per leerder. Dit word eenmalig vooruit gehef en is vooruitbetaalbaar.
U kan op drie maniere betaal:
R17 000 voor 28 Februarie 2020, OF R4 475 binne die eerste 14 dae van elke kwartaal, OF R1 790 per maand oor 10 maande met die laaste paaiement vóór 30 November 2020.
Alle nié-betalers tot en met die 31 Maart 2020-rekonsiliasie word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Alle rekeninge wat vir 60 dae en langer dormant en onbetaald is, word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Let wel- spesiale betaalreëlings mag slegs deur beheerliggaam (skriftelik) goedgekeur word.

Koshuislosies vir 2020

14 November 2019

Op die begrotingsvergadering met ons ouers op 7 Oktober is die volgende koshuislosies en resolusies vir 2020 bevestig en goedgekeur:
Losies: R30 100 per jaar per kind - vooruitbetaalbaar op drie maniere:
Eenmalig vir die jaar voor die einde van die eerste kwartaal, naamlik 31 Maart 2020; OF
R7 525 per kwartaal binne die eerste twee weke van elke kwartaal; OF
R3 010 per maand oor 10 maande, voor die 25ste van elke maand, met die laaste betaling vóór 30 November 2020.
Oorhandiging aan prokureurs van 'n kwartaal agterstallige rekening en uitsetting van sodanige kosganger uit die koshuis vanaf die daaropvolgende kwartaal. Die ouer bly aanspreeklik vir agterstallige losies, al is die leerder in so 'n geval uit die koshuis uit.

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

14 November 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

14 November 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

KALENDER vir 14 November 2019 - 21 November 2019

14th November 2019
Dankie-sê funksie

14th November 2019
Ons matrieks skryf Ekonomie V2
09:00

15th November 2019
Uitnaweek

15th November 2019
Ons matrieks Landbouwetenskap V1
09:00

15th November 2019
Ons matrieks skryf RTT teorie V2
14:00

18th November 2019
Ons matrieks skryf IGO V2
14:00

18th November 2019
Ons matrieks skryf Landbouwetenskap V2
09:00

20th November 2019
Ons matrieks skryf Toerisme
09:00

21st November 2019
Ons matrieks skryf Dramatiese kunste
09:00

21st November 2019
Ons matrieks skryf Visuele kuns
14:00

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

November 08 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5dc3f1432ad19678859761.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.

Hoërskool Swartland